PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 (021) 883-8461
info@prg.wcape.school.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

Vakkeusevoorligting: Graad 9-leerders

Geagte Ouers

Graad 9-leerders beskik nie noodwendig oor die nodige selfkennis, of die kennis van die wêreld van werk, wat nodig is om `n ingeligte besluit oor vakkeuses vir Graad 10 te neem nie. Die gevolg is dat leerders vakke kies wat nie ooreenstem met hul aanlegte, belangstellings en beroepsoriëntasie nie en daarom hul toekomsdoelwitte ernstig kan beperk. Vakkeusevoorligting stel leerders in staat om ingeligte besluite deur middel van psigometriese assesserings te maak. Vakkeuse-assessering is 'n holistiese proses; dit oorweeg 'n leerder se huidige skolastiese vermoë, akademiese, tegniese- en handelsaanleg, beroepsoriëntasie, belangstellings en narratief. Wanneer al hierdie aspekte gekombineer word, sal u en u seun in staat wees om `n ingeligte besluit te kan neem. Aangesien die korrekte vakkeuse `n baie belangrike rol in toekomssukses speel, wil ons u graag die geleentheid bied om u seun by Paul Roos Gimnasium te laat assesseer. **Let asseblief dat hierdie assessering nie verpligtend is vir enige leerder nie.**

<u>Proses van Vakkeuse-assessering van Graad 9's by PRG:</u>
`n Psigometriese assessering van ongeveer 5-6 ure wat in groepsverband aangebied word tydens skoolure op **Dinsdag, 22 Maart 2022**, sluit die volgende in:

- Aanlegtoets (DAT-S, Gevorderde Akademiese Vorm)
- Belangstellingsvraelys (MB-10)
- Beroepsoriëntasie (Career Mentor)
- Narratiewe Vraelys

`n Individuele terugvoersessie van ongeveer 45 minute sal met elke betrokke leerder en sy ouers by die skool geskied. Daar sal voorsiening gemaak word vir ouers wat nie by die werk kan wegkom nie of ver woon.

'n Volledige verslag van die psigometriese resultate asook die besprekings en aanbevelings sal vir elke betrokke leerder gemaak word.

<u>Koste:</u>
Die koste per leerder vir die Vakkeusevoorligting, wat die psigometriese assessering, terugvoersessie en volledige verslag insluit, beloop R850.00. Die fooi is betaalbaar voor of op die sluitingsdag vir registrasie.

Bankbesonderhede:

Naam:	M. Barnes
Bank:	FNB
Rekeningnommer:	6205 9896 799
Takkode:	250655
Rekening:	Tjekrekening
Verwysing:	Leerder naam en van

Stuur asseblief die bewys van betaling na: mbarnes@paulroos.co.za

Registrasie:
Voltooi die registrasievorm deur die skakel te volg https://bit.ly/34b0wXe
Die registrasie sluit Vrydag, 18 Maart 2022.

Al die bogenoemde inligting, asook die nodige dokumentasie, sal op Paul Roos Gimnasium se webtuiste beskikbaar wees. Kontak my gerus indien u enige verdere navrae het. Ek sien daarna uit om u seun met die regte vakkeuse vir sy toekoms te help.

Vriendelike groete



Monique Barnes
VOORLIGTING SIELKUNDIGE
Pr. No 0615250
083 410 7609
mbarnes@paulroos.co.za

André van Staden
REKTOR

2 Maart 2022